

# Musiek en Toneel in die Krygsgevangenkampe

(Opgedra aan die heer L. C. Ruyssenaers, Pretoria)

deur KOTIE ROODT-COETZEE

**E**LKE geïnterneerde het in die Boere-banneling-gemeenskappe 'n tydverdryf na eie aard gesoek. Op die klein ruimte van die treintrok, fort of skip (sommige is maande lank op ou troepeskepe gevange gehou) was dit natuurlik nie moontlik om enige vermaak of tydverdryf te kies nie. Vir sport, die maak van kuriositeite ens. was die toestande nie gunstig nie. Wat die mens deur middel van sy stem kon verrig, was in dié gevalle pasliker. Sang was dan ook die eerste vermaak van alle groepe gevangenes. Dan het hulle begin met toesprake, voordrag ens. as doelbewuste tydverdryf.

In die eerste berigte wat oor die Boere in die Engelse koerante verskyn het, is telkens vermeld dat hulle "n psalm gesing" het. Van die wegtrekkende skip was dit die klanke van 'n psalm of gesang of volkslied wat oor die water gedein het; in die kampe is meer as een klagskrif deur 'n oud-republikeinse vegter opgestel teen die "Ou Torren en Takharen" se daglumiergesang. Dit hou tog die hele dag aan; waarom moet dit in die oggend al begin? Maande later was dit weer hierdie "Takharen" wat klages kon inlewer teen die een-man-geskree wat in die klubgebou met handegeklap as pragtige sang geprys is, maar wat 'n mede-gevangene-se slaap om elfuur n.m. steur!

Die eerste musiekonderrig het ten doel gehad die verbetering van die sang by godsdiensoefeninge. As gevolg van die ywer van aktiewe entoesiaste op hierdie gebied was daar sekere kampe wat in sang- en musiekuitvoerings meer presteer het as ander. Hier staan

Diyatalawa, Ragama, Shahjahampur in Indië en Deadwood op St. Helena bo aan die lys.


Diyatalawa en Deadwood was so gelukkig om een of meer klaviere te besit. Schumann, wat vroeër kerkorrelis was, het ook daarin geslaag om op St. Helena 'n orrel te huur te kry. Hierby het laasgenoemde eiland deur die bemiddeling van die beroemde dr. Mengelberg 'n stel blaasinstrumente, drie cello's en enige viole ontvang. Opoerings is gehou in die "Tot Nut en Vermaak"-saal, wat gebou was van oopgevlekte blikkanne. Hierby het Deadwood die dienste gehad van musikante soos H. Raw, H. Sausenthaler (van Hollandse afkoms, tans woonagtig op Wakkerstroom), Bosman, Dykman en ander.

Diyatalawa het 'n "recreatie"-saal gehad, gebou van riete en palmblare, en in hierdie saal is tentoonstellings, vergaderings, musiek- en toneelopvoerings gehou. B. Alt, 'n Duitse onder-offisier wat spesiaal na Suid-Afrika gekom het om die Boere hul land te help verdedig (hy is sowat 'n jaar gelede op Groot-Constantia naby Kaapstad oorlede), was 'n uitstekende vioolspeler en orkesleier. Die hele musieklewé het daar om hom gedraai, en hy het 'n puik orkes van tussen 25 en 30 lede gehad. In hierdie kampe het die uitvoering van klassieke en populêr-klassieke musiek tot 'n betreklik hōe peil ontwikkel.

Shahjahampur het blykbaar meer op die gebied van sang gedoen. Die vereniging het aan die begin die bekwame leiding van 'n Hollander, Nieuwenhuys, gehad. Een van die reëls van die sangvereniging was dat sodra iemand die eed van getrouweheid aan die Engelse kroon teken, hy as lid geskrap sou word. Toe Nieuwenhuys die eed ses maande later aflê, het Danie Smuts, tans van Malmesbury, dirigent geword.

Behalwe hierdie uitvoerings van kunssang en klassieke musiek het die volksang in die kampe ook verder ontwikkel. In Diyatalawa, op St. Helena, te Trichinopoly en in die fort op Ahmednagar het die gevangenes hulself vergas met 'n bietjie dans ook. Diyatalawa het selfs 'n dansklub gehad waar sommige soos meisies verklee was. Dat 'n "Lekker Sectie" (soos die Boer-orkes op St. Helena genoem is) net die regte ding was, spreek vanself. Meer as een musikant wat in stylmusiek in hierdie orkes gespeel het, het meegehelp in die volksorkes. Sausenthaler, Schumann, Rothman (tans van Pretoria) praat nog altyd met bewondering oor die musiektaal van die Boere. Daar was Afrikaners wat meer as een instrument uitstekend kon bespeel. Die gewone man het die ou volksliedjies baie gesing, en op St. Helena het mense soos Mathey, Borchers en Everitt die gevangelisewe opgevrolik met hul luimige liedjies.

Die gewye sang is ook in kore beoefen. Op St. Helena was eers Louw Bosman, later Martins, leier van 'n kerkkoor, gestig deur ds. A. F. Louw. Ds. Charlie Mynhardt, tans van Johan-



Mnr. L. C. Ruyssenaers van Pretoria, wat as jong man die meisierolle tydens opvoerings in Deadwoodkamp, St. Helena, moes speel.

nesburg was, so skryf iemand my, die "sopraan" van hierdie koor.

In Shahjahampur het die gewye sang die vermaakte plek in die koor ingeneem. Die Indiese kampe is van die laastes wat ingerig was vir gevangenes, en aangesien hierdie vereniging eers in Febr. 1902 gestig is, het dit nie lank bestaan nie. Tog het die "Shahjahampur Zangvereeniging" en orkes veel tot stand gebring. Mense soos Spies, Danie Smuts, Rothman e.a. het almal aktief deelgeneem aan die musieklewé aldaar.

Ook Trichinopoly het 'n orkes en mannekoor gehad, met D. J. Bosman as dirigent. In Diyatalawa was die "Boeren Muziekgezelkaps" en baie sangkore. Feitlik elke tak van die C.S.V. en C.J.V. het 'n sangkoor gehad. Hier het o.a. Jannie Kok en Piet de Lint met hul kore die aandag getrek. Gewye konserne is gegee en so is die kerklied op die verhoog gesing.

Die feit dat *De Strever* verslae alleen van die "Gewijdt Concert" gegee het en van geen ander nie, dui aan dat laasgenoemde nie die goedkeuring of steun van die redaksie en lesers van die blad gehad het nie. Die kultuurlewé van die Afrikaner was hoofsaaklik met die godsdiestige verenigingslewé verbonde. Daarom is dit dat so baie Afrikaanse oudgevangenes subiet kan ontken dat daar enige ander vereniging in die kampe was behalwe die C.S.V. en C.J.V., 'n debatsvereniging en miskien 'n sportvereniging. Dit is die uitlanders en dorps-Afrikaners veral wat die musiekgeselskappe, met orkes en sangkore, toneelgeselskap, kaart- en skaakkub, sport- en redenaarsvereniging onthou.

In genoemde kampe is dit die uitlanders en hierdie Afrikaners wat die inisiatief vir die musiekuitvoerings op hulle geneem het. In Diyatalawa was B. Alt as dirigent van die blaas- en strykorkes verantwoordelik dat liedere van Schubert, stukke van Meyerbeer, Mascagni, Wagner se "Tannhäuser" en ander betreklik moeilike werke uitgevoer is. Hy het veel Duitse musiek gespeel en ook 'n paar van sy eie komposisies. (Een oud-gevangene beweer dat in een deel van Diyatalawa, "Krugersdorp," waar hoofsaaklik Transvalers, en veral Johannesburgers, opgesluit was, meer aandag aan musiek gegee is as aan die ander deel en dat hulle die "Steynsburgers" meer as een aand op hul musiek vergas het.)

In Shahjahampur het die orkes veel Hollandse musiek gespeel, want hulle het 'n goeie besending boekie uit Holland gekry. Kersfeesliedere soos "Eere zij God," e.a., "Heide Röslein," ander populêre liedere en psalms op liederwysie is vierstemmig gesing en spesial vir die mannekoor geskrywe. Die koor het manne gehad wat beskik het oor 'n baie goeie kwaliteit stem, bv. Rothman, leier van die bas.

Uit die programme blyk dat die musiek te Ragama deur die I.C.C.C.R. ten gehore gegee, van meer hoogstaande gehalte was as dié wat in Shahjahampur gespeel is. Ragama het ook beskik oor 'n klavier, stryk- en ander instrumente.

Die orkes op St. Helena het ook veel meer klassieke musiek as volksmusiek uitgevoer. Net soos in die ander kampe is geleenthede soos die verjaardae van die twee Presidente, dié van koningin Wilhelmina, Dingaansfees en Nuwejaarsdag te baat geneem om konserne te gee. Ogeleide musikante soos Sausenthaler, Schu-



Tablo waarin "Dood" voorgestel word. Opgevoer te Deadwood, St. Helena.

## Musiek en Toneel in die Krygsgevangenekampe

(Vervolg van bladsy 13.)

mann, Raw, Bosman, Dykman, Buitendorp e.a. het die voortou geneem. Sausenthaler skryf dat die orkes binne betreklik korte tyd in staat was om Grieg se „Solveigslied” uit te voer. In hierdie konserte is werke van Beethoven, Mascagni, Schubert e.a. uitgevoer. Schumann het heelwat komposisies geskryf en aan die gevangenes verkoop.

Die voordrag en toneel is natuurlik nou verbonde aan die operette en ander musiekvertakkinge. Hierdie twee aspekte van die uitvoerende kuns was dus ook in die kampe nie te skei nie. Voordat die eerste gevangenes doelbewus daartoe oorgegaan het om die toneelspel as 'n vermaak te beoefen, het enkeles mekaar tog op dié manier vermaak. So skrywe Hugo van Niekerk uit Groenpunt in Maart 1900 dat daar in die kamp 'n sekere Jan du Plessis was wat net so natuurlik as 'n hond kon blaaf. Saans speel hy en Hans Human mierkat en brak. Laasgenoemde is die mierkat wat in die gat sit, en Jan moet hom daar uithaal. „Somtijds bevliegt die mierkat hem en dan is het wonderlik hoe natuurlik hij als een hond kan tjank. Gewoonlik is een groote schare menschen om ons tent als die twee met hun komedie beginnen.”

Hierby het dit nie gebly nie. Die gevangenes was nie lank in die kamp nie of daar is konserte gegee: gedigte is voorgedra, klein samesprakies, eenbedrywe en langer toneelstukkies is geskryf en opgevoero.

Diyatalawa met sy 5000 geinterneerde het op hierdie gebied nie soveel gedoen as baie ander kleiner kampe nie. Die rede hiervoor is missiem dat daar meer aktiwiteite in ander rigtings was en dus nie so 'n groot behoeft aan die toneel nie. *Magrieta Prinsloo* is verskeie kere opgevoero, en A. P. Roos het *A Tragedy, A Leaf from South African History* in vier bedrywe geskryf.

In Ragama, waar die meeste uitlanders opgesluit was, is verskeie toneelstukkies opgevoero, waarvan beskrywings in die programme verskyn en foto's in die boekie „Wilhelmina-dag”. Dit is gespeel deur die I.C.C.C.R., wat 'n tyd lank maandeliks opvoerings gegee het. Hierdie toneelstukkies was in gees baie sterk Nederlands. Die toneel en musiek in Trichinopoly het nie die peil bereik van dié in ander kampe nie, maar was beslis sterk Afrikaans gekleur. Lede van die toneelkomitee was G. D. Bosman (voorsitter), J. Steyl, dr. Krause, tans van Pietersburg, P. H. C. Pohl, tans van Graaff-Reinet, wyle Munnik en ander.

In Broad Bottom, St. Helena, met sy uitsluitend Boeregemeenskap was die opvoerings nie van so 'n hoë gehalte nie. Hugo van Niekerk het self 'n paar toneelstukkies geskryf en hy sê: „Ik werdt door velen gefeliciteer op mijn debut als toneelschrijver.” Toneelstukkies soos *De Wraak* en *Amelia* is ook opgevoero.

In Deadwood was daar 'n sterk uitlandergruppe wat min ondersteuning aan godsdienstige aktiwiteite gegee het, maar veel aandag bestee het aan vermaakklike soos die toneel. Maar die medewerking van baie Afrikaners het die sukses van hierdie opvoerings verseker. Hier was die konserte meer talryk en ook meer verskillend in karakter as in enige ander kamp. 'n Konsert van die vereniging „Tot Nut en Vermaak” het onderstaande nommers ten gehore gegee. Die program word hier voluit gedruk, sodat uit die name van die karakters die aard van die toneelstukkie gesien kan word.

1. Mannekoor: a. De Hemelen roemen de Grootheid des Heeren. b. Serenaal.
2. Symfonie van Dancla voor 2 violen en piano. (Raw, Sausenthaler, Dijkman.)
3. „Zware Strijd”

Toneelspel in één bedryf van J. F. Houtzager.

### Personen

- Speculant, Mn. Wiriam Smith ... J. R. Taylor.
- Dick, zijn zoon ... ... ... Jac. Stom.
- Mr. Sam Block, kapitalist ... J. Teengs.
- James, zijn zoon ... ... ... A. Smorenburg.
- Oom Gert van Wijk, Comdt. van Boere Kommando ... ... ... A. W. Borcherds.
- Stephanus, zijn zoon ... ... ... J. F. Houtzager.
- Jan Breitenbach ... F. J. Mathey.
- Frikkie Verkuijl jonge burgers L. Tröger.
- Charlie Davis ... S. Zwarenstein.
- Een Waiter ... ... ... M. Elzas.
- Een dienstman ... ... ... J. Besseling.
- Een courantjongen Burgers.

(Het stuk speelt te Johannesburg in het begin van Oktober 1899.)

### Pouze.

4. Sonate van Beethoven.
5. „Het Kruis in het Bosch” ... Mannenkoor.
6. Klaas Lap.—voordracht van den Hr. J. Teengs.
7. Lied te zingen door den Hr. Dijkman.
8. „Utopia” Quartet voor 3 violen en piano. (Raw, Bosman, Sausenthaler, en Dijkman.)

9. Komische zang door den Hr. A. W. Borcherds.
10. a. De lof van het Druivensap ... Mannenkoor.  
b. „Drinkliedje”
11. De Barbiersjongen.
- Toneelspel.
- De barbier ... ... ... ... S. v. d. Kwast.
- De barbiersjongen ... ... ... ... C. Staas.
- Moeder Salie ... ... ... ... C. van Hertzberg.
- Lize ... ... ... ... L. Ruyssenaers.
- Een Boer ... ... ... ... J. Besseling.
- Een Heer ... ... ... ... C. Taylor.
- Vier Besoekers.
12. Sluiten met Volksliederen.

Met uitsondering van 'n groepie wat hierdie soort vermaak as „Duivelswerk” beskou het, was die gevangenes geesdriftig oor die opvoerings. Die „Jonge meisie,” 'n karakter wat dikwels verskyn het, was ongetwyfeld die groot aantreklikheid hier, en oudgevangenes kan vandag nog vertel van die aanmerkings en grappe wat daar gemaak is as die meisie op die toneel verskyn.

Houtzager, 'n Hollander wat voor die oorlog in Johannesburg gewoon het en wat aktief meegewerk het aan die opvoerings, het die meeste van die toneelstukkies geskryf. „De Dochter van den Tamboermajoor,” „Het Schaakprobleem,” „De barbiersjongen” en „Zware Strijd” en ook 'n serie oor „Vaderlands liefde” het hy geskryf. Laasgenoemde twee is suwer Afrikaans. In die eerste bedryf van „Vaderlands liefde” word die vertrek van twee artilleriste voorgestel in 1899; die ou Boer gee vir laas nog raad en sy seën, en die dogter troos die wenende moeder. 'n Verslag van dié opvoering verskyn in *De Krygsgevangene* van Sept.

caused roars of laughter....and the actors fairly excelled themselves.”

Toffie Borcherds, 'n eersteklas voordraer, het meer as een keer „Baby” en „Di Boeremeisje” voorgedra. Laasgenoemde het hy self „gedig” en die toeskouers het dit met graagte aangehoor, want hy was boonop 'n uitstekende mimiek. Ek het dit in 'n ou album gevind:

Hy: Darling will you come with me  
Far across the ocean wide  
Long have I been loving thee  
Will you be my bonnie bride?

Sy: Ach, myn heer, jou bek is scheef  
En jou neus is rechrig krom  
En jy loop so nets een kreef  
Weg dan voor my mama kom.

Hy: Come and dwell along with me dear  
Come and be my lady fair.  
Love and joy shall ever be, dear  
We shall be a happy pair.

Sy: Ach myn heer jy praat te veel  
Let op daardie hoekje om  
Slechte hond, jy is te scheel  
Schy uit voor myn mama kom.

Hy: Hear me out, 'tis only this  
Yes, I told you once before,  
Give me but a tiny kiss  
Only that and nothing more.



Boere-orkeste op St. Helena. Die name is (agter, l.n.r.): A. Botha, C. P. van Niekerk en T. Goslett. Voor: M. J. Fourie, C. Lemmer, J. H. Bosman („Jan Viool”), J. Bosman („Jan Kitaar”), en H. Everitt.

1902 en die resensent skrywe: „In de laaste brief ligt onze jonge artillerist gewond en stervende, terwijl zijn kameraad zijne laaste brief volgens opgaaf afschrijft, en een paar medelijwend burgers rondom staan.”

In *Het Schaakprobleem*, *De Barbiersjongen* en in ander stukke is die jongmeisierol altyd gespeel deur L. Ruyssenaers. Mn. Ruyssenaers, van Hollandse afkoms, was in 1900 ongeveer twintig jaar oud en het 'n blonde, rosige gelaatskleur gehad. As hy dan in sy jongmeisie-kostuum en 'n pruik van lang vaal hare op die verhoog stap, het die saal gedawer van uitroep. Mn. Ruyssenaers vertel nog met 'n ondeunde lag dat hy so goed gegrimeer en aangetrek was dat hy weer en weer op die verhoog moes verskyn, omdat die Boere tog nie wou glo dat dit maar net Ruyssenaers was nie!

*De Krygsgevangene* meld op 'n ander keer van 'n klug wat opgevoero is en 'n voorstelling een jong meisie door den heer Ruyssenaers deed menigeen huiswaarts denken.” Hierdie opvoerings moes vir die opgehouke bannelinge aangename ontspanning gewees het, 'n droomwêreld van heerlike gedagteverplasing!

Daar was ook ander wat die gevangenes aangename afleiding gegee het. Daar was Teengs, 'n Afrikaner wat sy eie grappige gedigte voorgedra het; Kock, wat uitgeblinks het om „Poor old Joe” te sing; Dalmyer, Staas, Borcherds, Mathey en ander. Staas was 'n Hollander wat in Johannesburg gewoon het en onder andere 'n sirkus-hanswors was. In 'n resensie skrywe iemand van hom en die ander spelers: „The pantomime by Mr. Staas, entitled ,A pleasant hour in a painter's studio”

Sy: Nee mynheer, neem weg jou hand  
Engelschman laat my toch staan  
Anders gooi ik jou oog vol sand  
Ik moet na die winkel gaan.

Hy: Why so stern and proud my darling,  
Why that wrinkling of your brow  
You are talking much too loud, dear,  
Look, here comes your mama now.

Sy: Mama, hy wil my verneuk  
Zet di honde achter hom,  
Gryp hem, Ponts, scheur zyn broek,  
Byt die slechte Engelschman.

Hy: Don't be angry with me, darling,  
Drive away that look of pain,  
Let your smile be one of pleasure  
Smile your sweetest smile again.

Hy: (aan Ponts.)  
Now dear Ponts, keep away  
Come when ever else you can,  
This is not the time of day  
To bite an honest Englishman!

Sy: Ach myn mama! Ponts het hom  
Hoor hoe schreeuw die Engelschman  
Hy zal nou nie weer kom bodder  
Ons kan nou maar naar huistoe gaan!

(Vervolg op bladsy 35.)

## Musiek en Toneel in die Krygsgevangenekampe

(Vervolg van bladsy 15.)

In al die kampe is daar veel moeite gedoen met die grimering. Ruyssenaers vertel dat 'n veselagtige plant wat op St. Helena gegroei het fyn gestamp is, en die lang, goudkleurige vesels is gebruik vir die pruik met lang hare. Dit het wonderlik goed geslaag. Die Skandinawiër wat die grimeerwerk gedoen het, was glo 'n meester van sy vak.

Die dekorskilder in Diyatalawa was 'n boer, Bantjies, wat 'n pragtige doek, die slag van Magersfontein, vir die verhoog geskilder het. In Sagama het die skilder E. J. E. Douwes Dekker ook veel te doen gehad met die toneelversierings, en *De Krygsgevangene* — St. Helena — noem in 'n resensie die heer Lindberg die skilder van die doeke vir die toneelstukkie „Vaderlands liefde“ en gee 'n beskrywing daarvan.

Die vaderland het op sy verwoeste bodem min plek gehad vir 'n Boerseun met sy orkes-instrument of vir 'n lui-mige speler in kostuum. Van hulle wat 'n aangename lag gebring het in die bannelingskampe is daar nog net herinneringe oor.